

MINUTES OF PROCEEDINGS

OF THE

PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

=====

THURSDAY, 21 NOVEMBER 2013

1. The House met at 14:15.
2. The Speaker took the Chair and read the prayer.
3. [14:17] The Chief Whip moved: That, notwithstanding Rule 198, precedence be given to the Order of the Day.
Agreed to.
4. The Chief Whip moved: That, notwithstanding the provision of Rule 18, the hours of sitting on Wednesday, 4 December 2013, shall be: 10:00 to adjournment.
Agreed to.
5. The Chief Whip: That, notwithstanding Rule 161, the House considers the principle and finalisation of the *Western Cape Adjustments Appropriation Bill* [B 11 - 2013] on Wednesday, 4 December 2013.
Agreed to.
6. [14:19] FIRST ORDER
Introduction and First Reading – *Western Cape Adjustments Appropriation Bill* [B 11 – 2013].
The Minister of Finance, Economic Development and Tourism delivered his introductory speech and introduced the *Western Cape Adjustments Appropriation Bill* [B 11- 2013].
Bill read a first time.
The introductory speech, the Bill and all the papers tabled, referred to the relevant committees for consideration and report.
7. [15:03] Interpellations.
8. [15:24] Questions.
9. [15:31] Statements by Members.
10. [15:56] Ms L Brown moved without notice: That the House extends its condolences to the family, friends, colleagues and comrades of anti-apartheid activist and official in the Department of Community Safety in the Western Cape, Sulaiman Isaacs, who passed away the past weekend.
Agreed to.

11. Ms A Rossouw moved without notice: That the House conveys its condolences to the family of Dawie le Roux, who passed away in the past week. He was a member of the Provincial Council of the then Cape Province since 1973 and later on he became a member of the Executive Committee responsible for land affairs and health. He was also a special advisor of the former Premier of the Western Cape, Henus Kriel. He had a special passion for Afrikaans, the Afrikaans culture, nature and wildlife.
Agreed to.
12. Ms V Hani moved without notice: That the House extends its condolences to the family, friends and comrades of member of the African National Congress and Hessequa community activist A K Daries, who passed away last week.
Agreed to.
13. Mr M C Walters moved without notice: That the House conveys its sympathy to all the fruit producers of the Western Cape who suffered damage of astronomical proportions to their harvests as a result of the recent hail storms. The House notes that it is not only the producers that are affected, but that all permanent staff members and seasonal workers will suffer as a result of the very serious economic consequences of this disaster.
Agreed to.
14. Mr K E Magaxa moved without notice: That the House extends its condolences to the friends and families of all those who lost their lives in the recent flooding in the Western Cape and sympathises with those who lost their homes and belongings.
Agreed to.
15. Mr H P Geyer moved without notice: That the House congratulates the Municipality of Mossel Bay, the mayor, the members of staff and the residents of Mossel Bay on the nomination of this town as the greenest municipality in the Western Cape.
Agreed to.
16. Ms C F Beerwinkel moved without notice: That the House extends its sincerest condolences to the family, friends and colleagues of the late Nozipho Gxagxisa-Mpetsheni, a teacher at Enkululekweni Primary School in Kraaifontein and a Pastor of the Apostolic Faith Mission in Khayelitsha, who lost her life when the car she drove was washed away by the floods in the Jonkershoek valley near Stellenbosch over the past weekend.
Agreed to.
17. Mr M G E Wiley moved without notice: That the House congratulates the South African Police Service on the attainment of its Centenary Anniversary; and wishes all members of this service well and thanks them for their service to South Africa and to the Western Cape.
Agreed to.
18. Ms D Gopie moved without notice: That the House extends its condolences to the family and friends of 2-year old Isaiah Adrianse, who died in a shack fire in Lavender Hill.
Agreed to.
19. Mr M G E Wiley moved without notice: That the House congratulates the Department of Community Safety of the Western Cape on being awarded the Batho Pele service award for being the best provincial department in the country.
Agreed to.

20. Ms C F Beerwinkel moved without notice: That the House commends the 15 fledgling entrepreneurs in the Kleinmond area ranging from upholsterers, furniture-makers, caterers and an electronics company, who are all participating in a small business training programme designed to help them establish or expand their businesses.
- Agreed to.
21. Mr M G E Wiley moved without notice: That the House congratulates the organisers of the ABSA Cape Epic mountain cycle race for increasing the women's prize money for the event to an amount of R690 000 and notes that it has therefore become the richest event of its kind in the world.
- Agreed to.
22. Ms Z C Stali moved without notice: That the House commends the South African Police Service for setting up a priority committee to deal with continuing taxi violence in Delft and Khayelitsha.
- Agreed to.
23. Ms V Hani moved without notice: That the House congratulates Khayelitsha businesswoman, Thembi Tsotetsi, who finished top of her class in the first batch of Small Business Academy graduates of the University of Stellenbosch.
- Agreed to.
24. Mr P Uys moved without notice: That the House supports the 16 Days of Activism for No Violence Against Women and Children, which will start on 25 November and will continue until 10 December and notes that the aim of this event is to make people aware of the negative impact of violence on women and children and to encourage them to act against abuse.
- Agreed to.
25. Mr P Uys moved without notice: That the House joins all South Africans in celebrating the day of National Reconciliation on 16 December as we recognise the immense strides that we have made in building our rainbow nation.
- Agreed to.
26. Mr P Uys moved without notice: That the House supports World Aids Day, which will be celebrated on 1 December by encouraging the prevention and awareness of HIV/Aids and by expressing solidarity with all the victims of this disease.
- Agreed to.
27. [16:04] The House discussed the following subject in the name of Ms A J du Toit Marais:
- The preparedness of the Western Cape Government with regard to the coming festive season.
- Debate concluded.
28. The House adjourned at 17:13.

NOTULE VAN VERRIGTINGE

VAN DIE

PARLEMENT VAN DIE

PROVINSIE WES-KAAP

=====

DONDERDAG, 21 NOVEMBER 2013

1. Die Huis kom om 14:15 byeen.
2. Die Speaker neem die Stoel in en lees die gebed voor.
3. [14:17] Die Hoofswep stel voor: Dat, ondanks die bepalings van Reël 198, die Dagorder voorrang het.
Goedgekeur.
4. Die Hoofswep stel voor: Dat ondanks die bepalings van Reël 18, die sittingsure op Woensdag, 4 Desember 2013, soos volg is: 10:00 tot verdaging.
Goedgekeur.
5. Die Hoofswep stel voor: Dat, ondanks die bepalings van Reël 161, die Huis die beginsel en finalisering van die *Wes-Kaapse Begrotingswetsontwerp* [W 11 – 2013] op Woensdag, 4 Desember 2012 oorweeg.
Goedgekeur.
6. [14:19] EERSTE ORDER
Indiening en Eerste Lesing – *Wes-Kaapse Aansuiweringsbegrotingswetsontwerp* [W 11 – 2013].
Die Minister van Finansies, Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme lewer sy indieningstoespraak en dien die *Wes-Kaapse Begrotingswetsontwerp* [W 11 – 2013] in.
Wetsontwerp vir die eerste maal gelees.
Die indieningstoespraak, die Wetsontwerp en al die dokumente wat ter tafel gelê is, na die relevante komitees verwys vir oorweging en verslag.
7. [15:03] Interpellasies
8. [15:24] Vrae.
9. [15:31] Verklarings deur Lede.
10. [15:56] Me L Brown stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy medelye uitspreek teenoor die gesin, familie, vriende, kollegas en kamerade van die aktivis in die stryd teen apartheid en amptenaar in die Departement van Gemeenskapsveiligheid in die Wes-Kaap, Sulaiman Isaacs, wat die afgelope naweek oorlede is.
Goedgekeur.

11. Me A Rossouw stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy medelye oordra aan die gesin en familie van Dawie le Roux, wat die afgelope week oorlede is. Hy was sedert 1973 'n lid van die Provinsiale Raad van die destydse Kaapland en het later 'n lid geword van die Uitvoerende Komitee belas met grondsake en gesondheid. Hy was ook spesiale adviseur van die voormalige Premier van die Wes-Kaap, HERNUS KRIEL. Hy het 'n spesiale passie gehad vir Afrikaans, die Afrikaanse kultuur en die natuurlewe.
- Goedgekeur.
12. Me V Hani stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy medelye uitspreek teenoor die gesin, familie, vriende en Kamerade van A K Daries, lid van die African National Congress en gemeenskapsaktivis uit HESSEQUA, wat verlede week oorlede is.
- Goedgekeur.
13. Mnr M C Walters stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy meegevoel betoon met al die vrugteprodusente van die Wes-Kaap wat oesskade van 'n astronomiese omvang gely het as gevolg van die onlangse haelstorms. Die Huis let daarop dat dit egter nie net produsente is wat geraak word nie, maar dat alle voltydse personeel en seisoenale werkers gaan ly as gevolg van die uiters ernstige ekonomiese nagevolge van hierdie ramp.
- Goedgekeur.
14. Mnr K E Magaxa stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy medelye uitspreek teenoor die vriende, gesinne en families van diegene wat hulle lewens in die onlangse oorstromings in die Wes-Kaap verloor het en simpatiseer met diegene wat hul huise en besittings verloor het.
- Goedgekeur.
15. Mnr H P Geyer stel voor sonder kennisgewing: Dat die Huis die Munisipaliteit van Mosselbaai, die burgemeester, die personeel en die inwoners van Mosselbaai gelukwens, met hul aanwysing as groenste munisipaliteit in die Wes-Kaap.
- Goedgekeur.
16. Me C F Beerwinkel stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy opregte meegevoel uitspreek teenoor die gesin, familie, vriende en kollegas van wyle Nozipho Gxagxisa-Mpetsheni, 'n onderwyser aan die Enkululekweni Primêre Skool in Kraaifontein en 'n pastoor van die Apostoliese Geloofsending in Khayelitsha, wat omgekom het toe die motor wat sy bestuur het die afgelope naweek weggespoel het tydens oorstromings in die Jonkershoekvallei naby Stellenbosch.
- Goedgekeur.
17. Mnr M G E Wiley stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die Suid-Afrikaanse Polisie diens gelukwens met die viering van hul eeufees; en al die lede van dié diens alles van die beste toewens en hul bedank vir die diens wat hulle aan Suid-Afrika en aan die Wes-Kaap lewer.
- Goedgekeur.
18. Me D Gopie stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy medelye uitspreek teenoor die gesin, familie en vriende van die tweejarige Isaiah Adrianse, wat in 'n pondokhuisbrand in Lavender Hill gesterf het.
- Goedgekeur.
19. Mnr M G E Wiley stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die Departement van Gemeenskapsveiligheid van die Wes-Kaap gelukwens met die toekenning wat hulle ontvang het, naamlik die Batho Pele dienstoekenning op grond daarvan dat hulle die beste provinsiale departement in die land is.
- Goedgekeur.

20. Me C F Beerwinkel stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die 15 ontluikende entrepreneurs in die Kleinmond-gebied loof, wat onder meer stoffeerdery, meubelmakers, spyseniers en 'n elektroniese maatskappy insluit, wat almal deelneem aan 'n opleidingsprogram vir klein sakeondernemings wat ten doel het om hulle te help om hul ondernemings te vestig of uit te brei.
- Goedgekeur.
21. Mnr M G E Wiley stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die organiseerders van die ABSA Cape Epic bergfietswedren gelukwens met die feit dat hulle die prysgeld in die byeenkoms vir die vroueafdeling na 'n bedrag van R690 000 vermeerder het en daarop let dat dit derhalwe die rykste byeenkoms van dié aard in die wêreld geword het.
- Goedgekeur.
22. Me Z C Stali stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die Suid-Afrikaanse Polisie diens loof omdat hulle 'n prioriteitskomitee op die been gebring het om die voortslepende taxi-geweld in Delft en Khayelitsha hok te slaan.
- Goedgekeur.
23. Me V Hani stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy gelukwensing oordra aan 'n sakevrou van Khayelitsha, Thembi Tsotetsi, wat eerste in haar klas geëindig het in die eerste groep studente wat hulle studies aan die Kleinsakeakademie van die Universiteit van Stellenbosch voltooi het.
- Goedgekeur.
24. Mnr P Uys stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy steun toesê aan die 16 Dae van Aktiwisme vir Geen Geweld Teen Vroue en Kinders, wat op 25 November 'n aanvang neem en tot 10 Desember sal duur en daarvan kennis neem dat die doel van dié geleentheid is om mense bewus te maak van die negatiewe uitwerking van geweld teen vroue en kinders en om hulle aan te moedig om teen misbruik op te tree.
- Goedgekeur.
25. Mnr P Uys stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis hom skaar by alle Suid-Afrikaners wat op 16 Desember Nasionale Versoeningsdag sal vier terwyl ons erkenning gee aan die groot vooruitgang wat ons reeds gemaak het met die uitbouing van ons reënboognasie.
- Goedgekeur.
26. Mnr P Uys stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy steun toesê aan Wêreld-Vigsdag, wat op 1 Desember gevier sal word deur die voorkoming en bewustheid van MIV/Vigs aan te moedig en deur solidariteit uit te spreek met al die slagoffers van hierdie siekte.
- Goedgekeur.
27. [16:04] Die Huis bespreek die volgende onderwerp in die naam van me A J du Toit Marais:
Die voorbereiding van die Wes-Kaapse regering met betrekking tot die komende feesseisoen.
- Debat afgesluit.
28. Die Huis verdaag om 17:13.